

# Bok-bom: Rassie kan ook wegstap

**Jacques keer terug 'na waar kinders gelukkig was'**



12

**Hanlie gesels met . . .**

## Roland weer vis in water ná hy vrees uitknikker


# Rapport

NETWERK24

16 April 2023


**Hul paaie skei ná 2 dekades**



24



## Verlief, verloof, vermoor: Akteur se minnaar geskiet – 3

# 'Laat my pappa vry,' pleit seun van gyselaar

## ■ Hoop video sal ontvoerders se hart versag in Ramadaan

Bohemia Jumatt en Pieter Steyn

Moslem en Christen het gisteraand saam gebid vir die vrylating van die ontvoerde paramedikus Gerco van Deventer.

In Pelican Park in Mitchells Plain het 1 500 Moslems 'n massa-iftar gehou, terwyl Gerco se vrou, Shereen, in haar huis in Swellendam gebid het.

'n Video van die Moslems se byeenkoms is vandag dringend op pad na sy ontvoerders in Mali.

Nóg 'n video, waarin Shereen en hul jong seun Al-Kaïda smeek om hom vry te laat, is reeds die afgelope week by hulle afgelewer.

Vir Gerco se gesin is dit 'n wedloop teen tyd. Hulle hoop dat die ontvoerders se harte sal versag omdat dit Ramadaan is. Ramadaan eindig oor 'n week.

Gerco is ses jaar gelede uit Libië ontvoer op die eerste dag wat hy as paramedikus daar gewerk het.

Hy word aangehou deur Jama'at Nasr al-Islam wal Muslimin (JNIM), 'n tak van Al-Kaïda. Hulle eis 'n losprys van $500 000 vir sy vrylating, maar die familie het nie geld nie.

"Ek weet hulle het die video gesien. Dis 'n verligting om te weet die video is nie meer by die tussengangers nie, maar by die ontvoerders."

Sy sê in die video vir die ontvoerders die familie is te arm om die losprys te betaal.

"En ons ken ook nie mense wat soveel geld het nie," het sy uit Swellendam gesê.

Dit was vir haar baie spanningsvol om op dié manier by haar man se ontvoerders te pleit.

"Dis mense van 'n ander taal en kultuur en jy wil hulle nie aanstoot gee nie, so jy moet jou woorde mooi kies. Dit gaan hier om my man se lewe.

"Ek bly in Swellendam. Ek weet nie hoe om met ekstremiste te onderhandel of hoe hulle werk nie."

Sy word bygestaan deur dr. Imtiaz Sooliman, stigter van Gift of the Givers (GOG).

"Dis 'n baie alleen pad wat 'n mens stap. Sonder hulle sou daar geen, geen hoop gewees het nie."

Sy is baie dankbaar oor die gebede gisteraand in Mitchells Plain.

"Dis vir my so mooi en kosbaar dat mense wat nie vir my of Gerco ken nie, saam bid vir my man."

Inwoners het van klein tot groot die strate van Pelican Park gevul om iftar te hou ter ere van Van Deventer.

Zaibunisa Rashid, 'n gemeenskapsleier, het gesê dis vir hulle 'n eer.

"Ons doen elke jaar 'n massa-iftar vir verskillende inisiatiewe. Vanjaar het ons besluit om dit te doen om te vra vir die vrylating van Gerco van Deventer. Toe ons die gemeenskap inlig, was hulle baie bly. Gerco is een van ons en hy's 'n Suid-Afrikaner.

"Sy vrou en kinders het hom sedert 2017 nog nie gesien nie. Sy ouers hunker na hul seun."

Hul boodskap aan die ontvoerders was: "Laat asseblief ons broer vry! Ons bid vir hom sowel as vir julle."

Ali Sablay, woordvoerder van GOG, sê hoe die gemeenskap voel: "Hoewel ons dieselfde geloof as hulle het, stem ons nie saam met wat hulle doen deur mense te ontvoer nie."

Volgens Sooliman het GOG se hoofonderhandelaar, Mohamed Yehia Dicko, verlede Sondag in Mali geland. Binne dae was hy in gesprek met bemiddelaars wat vir hul video's en inligting oor Van Deventer aangestuur het.

"Ons het Woensdag nog 'n video van hom ontvang waar hy pleit dat mense hom sal bystaan sodat hy vrygelaat kan word. Hy sê sy grootste verlies is sy vryheid."

Shereen sê dit keil haar op dat sy nie weet hoe dit regtig met haar man gaan nie.

"Ek weet nie of hy emosioneel oukei is nie. Hy lyk darem nie te maer op die video's wat ek van hom gesien het nie, so dit lyk of hulle darem vir hom kos gee."

Van Deventer is ontvoer saam met drie kollegas wat saam met hom vir 'n Turkse maatskappy gewerk het.

Die maatskappy het 'n losprys vir die ander drie betaal, maar nie vir Van Deventer nie.

Sedert die Covid-19-pandemie van 2020, het alles stil geraak, sê Sooliman. Totdat hulle dié jaar 'n video ontvang het waarin Gerco sê hy leef, maar hy wil huis toe kom.

Sooliman sê hulle het 'n paar weke gelede gehoor 'n Fransman, wat deur dieselfde ontvoerders as Van Deventer aangehou is, is vrygelaat.

Die nuwe inligting het hulle in staat gestel om uit te werk wie tans vir Gerco aanhou.

Sooliman sê hul grootste uitdaging tans is dat die ontvoerders geld wil hê omdat hulle Van Deventer gekoop het.

"Dit kan uitdagend wees. Die ouer mense kan sê ja, ons laat hom gaan, maar die jonger mense kan sê nee.

"Niemand weet hoe hierdie ding kan uitspeel nie. Ons hoop dat daar iets in hierdie laaste paar dae van Ramadaan sal gebeur."

Shereen sê sy en haar kinders en die egpaar se ouers kry bitter swaar. Haar kinders, 'n dogter en twee seuns, was baie klein toe hulle hul pa laas gesien het. Nou is hulle al 18, 15 en 12 jaar oud.

"Ek is getroud, maar ek het nie 'n man nie. As ek ander paartjies van ons ouderdom sien, raak ek hartseer en ek verlang."

Sy sê die oupas doen hul bes, maar die kinders verlang na hul pa.

Sy besef as Gerco vrygelaat word, lê daar baie aanpassing voor. En dat hy hom dalk tot die Islam-geloof sou moes bekeer ter wille van oorlewing.


"Ek besef dis 'n gevaarlike situasie en as hy wel hom moes bekeer ter wille van oorlewing, is dit reg so.

"Hy moet enigiets doen om te oorleef."

Sooliman sê hoewel hul hoop nou gevestig is op die Ramadaantydperk, kan die onderhandelingsproses nog baie lank duur.



Die gemeenskap van Pelican Park in Kaapstad hou gister 'n massa-iftar (breek van die vas) vir die vrylating van Van Deventer. | FOTO: EDREA DU TOIT



Van Deventer pleit in 'n video om hulp om vrygelaat te word.

## Popi-wet: Nie 'n enkele boete in twee jaar – Sake

## SA verloor 1 uit 5 van sy rykstes in 10 jaar – Sake


9 771017 165006 01623

R35,50

Bel 087 353 1300 om in te teken.





LAAT JOU BESIGHEID GROEI MET FINBOND MUTUAL BANK

FINBOND MUTUAL BANK

Dis my bank!

Finbond bied finansiering vanaf **R5 miljoen tot R25 miljoen** aan klein- en mediumgrootte besighede

KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING

0860 000 471

businessbanking@finbond.co.za

www.finbondmutualbank.co.za


**Minimum vereistes:** Maatskappy moet in Suid-Afrika geregistreer wees met 'n handelsgeskiedenis van 3 jaar of meer, en 'n jaarlikse omset van R2 miljoen.

Finbond Mutual Bank is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FDV Nr 44907) en geregistreerde kredietverskaffer (NKR KV 6172). Finbond Mutual Bank word gereguleer deur en is geregistreer by die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB Reg Nr 01102). Bepalings en voorwaardes geld.

Boeke

# Die wonder van willekeur

‘Silwerwit in die soontoe’ is ’n waterskeidingsoomblik binne die Afrikaanse poësietradisie waar tegnologie en digkuns mekaar aanvul en opnuut ’n diskoers oor die aard en wese van die beperkinge óf moontlikhede van KI open, skryf **Nini Bennett.**




***Silwerwit in die soontoe: Afrikaans se eerste KI-gedigte* deur Imke van Heerden, met Anil Bas en Etienne van Heerden. Uitgewer: Naledi. Prys: R220.**

Lank voor die ganse wêreld ChatGPT-betotteld geword het, in 2020, het Imke van Heerden en die Turkse masjienleerspesialis en rekenaarwetenskaplike Anil Bas die generatiewe taalmodel AfriKI (Afrikaanse Kunsmatige Intelligensie) begin. AfriKI het Etienne van Heerden se roman *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* gelees en as datastel gebruik.

Die digbundel *Silwerwit in die soontoe* is die resultaat van hierdie KI-gedigte. Mens en masjien het met ander woorde in ’n ko-kreatiewe poging ’n digbundel geskryf, die eerste van sy soort in Afrikaans. Van Heerden het uit die duisende frases wat AfriKI uitgesif het uit die roman, gedigte aanmekaar geweef. Omdat menslike logika en kreatiwiteit doelbewus toegepas is, word hierdie proses “KI-geassisteerde skryf” genoem. Die frases in die verse is sonder wysiging behou en bevat besonder poëtiese formulerings.

Maar hoe beoordeel ’n mens die eerste KI-gedigte in Afrikaans? Van Heerden takseer self dié bundel as “surrealistiese poësie”. Hierdie leser het besluit op die stipleesmetode, sonder ’n voorafbepaalde agenda. Daar word met ander woorde gefokus op die teks, sónder die moontlikheid van outeursdwaling soos ’n moontlike vooroordeel teenoor sogenaamde robotpoësie.

Die eerste vraag wat beantwoord moet word, is waarskynlik: Wat is poësie? Poësie is afgelei van die Griekse woord “poeiein”, wat beteken “om te maak”. “Poiema”, weer, dui op die begrip “maaksel”. Poësie kom in uiting in ’n taalbouwerk wat in versreëls gerangskik is en gekenmerk word deur poëtiese ingrepe soos stylfigure, metrum, rym ensovoorts. KI-gedigte is inderdaad óók taalbouwerke wat voldoen aan hierdie kriteria, ongeag die skeppingsproses daarvan. Daar is dus geen beletsel op KI-poësie omdat dit met die hulp van kunsmatige intelligensie geskep is nie.

Die rubrisering van *Silwerwit in die soontoe* handel onderskeidelik oor die see en omliggende omgewing; die liefde; Kaapstad; Afrika as gewelddadige kontinent; die Karoo; die ars poëtika van KI, en Beijing. Die digter Imke van Heerden het die verse in hierdie bundel planmatig en volgens onderwerp geressorteer en die aanbod van dié poësie is dat dit inspirasie geput het uit die surrealisme en imagisme. Baudelaire se beskouing dat poësie ’n universele analogie is waarin geen beperkinge op die woorde of beelde wat die digter byeenbring, bestaan nie, vind relevansie hier.

Op bl. 27 verskyn hierdie aangrypende vers:

**Die gesig van die wind ’n omraam**

skemer wind
teen die rosige see
en die anemoon in die branders

see ons
hier in die lug, wonderbaarlik na die dreuning
die vertroosting van ’n brander

In heelwat verse kom die distorsie van taal voor as uitdrukking van ’n gebroke sintaksis; woordsoortposisies word verander of ondermyn, woorde word weggelaat, en die samehang binne gedigte ontbreek. Vir die oningeligte leser mag van die verse selfs as “gibberish” vertoon. Van Heerden breek amper met elke denkbare literêre konvensie – tog is dié ’n bundel van evokatiewe krag wat die grense en skynbare beperkinge van die taal toets om nuwe estetiese belewenisse van poësie in die hand te werk. As medeskepper van betekenis word die leser uitgedaag om die hiate in die poësie in te vul.

Derrida se arbitrêrheid van uitgestelde betekenis, of différance, kom ter sprake.

Dis verse wat allereers gekenmerk word deur beeldrykheid en die gebruik van vrye assosiasie. En daar is inderdaad verruklike en ongewone digterlike formulerings, byvoorbeeld (bl. 37):

[...]
buitendien, fluister hy,
die oulewe sterf
as jy verdwyning se tyd dra

Die ongewone idioom waarin die verse beweeg, vorm nie naastenby ’n patroonmatigheid in die leesaksie nie. Die leser word uitgedaag tot selfbesinning en Barthes se scriptible (“writerly”) is van toepassing. Die onus rus op die leser om betekenis aan die verse, of selfs net die suggestie van betekenis, te verleen.

Maar, kan die leser vra, is hierdie KI-gedigte nie bloot die willekeur van ’n linguistiese spel, gebore uit ’n generatiewe taalmodel nie? Inderdaad. En die skrywer en digter Jeanne Goosen het op ’n keer gemerk dat surrealisme ’n lekker wegkruipplek vir die poësie bied.

**Kollektiewe geluid**

Agter gesigte lig
gerookte musiek
te polshorlosie
en die draai teen die dansendes voor die wêreld
soos ons droom.

So baie aand.

Bogenoemde vers handel waarskynlik oor ’n belewenis in ’n nagklub. Die slotreël, “so baie aand” in stede van “so baie aande”, lyk op die oog af na ’n taalfout, maar die afwysing van die woord open ’n ánder betekenisnuanse: “aand” suggereer iets van die eenselwigheid van die nagklub, ’n monotone belewenis wat in die enkelvoud in plaas van die meervoud weergegee word.

Betekenisskepping in die verse stel bepaalde uitdagings aan die leser. Die digterlike woord sinjaleer konnotasies en dra ’n gevoelsbegrip oor wat nie altyd geanaliseer kan word nie, maar op intuïtiewe vlak begryp word. Volgens Freud vind die uitdrukking van vrye assosiasie in taal ook uitdrukking in parapraksis.

**Dis dalk ons wat roboties dink oor poësie.**

Durf ek dit stel dat van hierdie KI-gedigte wél ’n emotiewe reaksie by hierdie leser ontlok? Of mag so ’n aanname die estetiese integriteit van die tradisionele leser van poësie bedreig, omdat ’n taalmodel dié poësie geskryf het? Dit is so dat die meeste poësielesers steeds sekere aannames van die Romantiek aanhang, soos dat gedigte “mooi” moet wees en ’n uitdrukking van die “hart” of “siel” moet weerspieël. Diesulkes mag hierdie poësie as ’n fasiele poging daartoe ervaar omdat die verromantiseerde menslike digtershand grotendeels ontbreek.

In hierdie bundel word daar téén die weerstand van poëtiese konvensies in geskryf; verse wat plek-plek herinner aan Hilda Smits se bundel *Mag die diep slaap jou dan* (2021).

Dat hierdie KI-bundel ’n waterskeidingsoomblik binne die Afrikaanse poësietradisie registreer, ly geen twyfel nie. Tegnologie en digkuns vul mekaar aan en open opnuut ’n diskoers oor die aard en wese van die beperkinge óf moontlikhede van KI. Die verse verras met talle verrassende formulerings, gebore uit willekeur. Dit is dan juis hierdie ongebreidelde dog bandelose poësie waarin KI vir ons as lesers toon dat dit dalk óns is wat roboties dink oor poësie, vasgevang in leespatrone van voorskriftelikheid en resepmatigheid. *Silwerwit in die soontoe* noop lesers om opnuut skeppend te dink oor poësie.

**■ Bestel die boek aanlyn by naledi.co.za, of stuur e-pos aan tertia@naledi.co.za.**

**■ Nini Bennett is ’n skrywer, digter en resensent van Somerset-Wes.**

# DIE BURGER

NETWERK24
www.netwerk24.com

**Maandag**
27 Maart 2023
R14,50 (BTW ingesluit)




## REKORDS SPAT!

**Proteas slaan sesse en Quinnie die beste**

– bl. 15 en 16

Foto: GALLO IMAGES



**EPIES! SA weer bo ná naelbyt-stryd** bl. 15



**'Housewives' se Peet het nou vir 'Carte Blanche' beet** bl. 3

**Polisiehoof jag die Facebook-verkragter** bl. 4

**RAADSLID SE WANTROUEMOSIE**

# Matie-senaat gee sy steun aan Wim

**Marelize Barnard**

Die senaat van die Universiteit Stellenbosch (US) het Vrydag 'n mosie van vertroue in prof. Wim de Villiers, rektor en visekanselier, en sy bestuurspan aanvaar.

Die US het Saterdag in 'n verklaring gesê die mosie is by die senaatsvergadering deur prof. Geo Quinot van die fakulteit regsgeleerdheid ingedien, gesekondeer deur prof. Mbulungeni Madiba, dekaan van die fakulteit opvoedkunde, en met 'n oorweldigende meerderheid aanvaar.

Die mosie lui onder meer met kennisname van die Menseregtekommissie (MRK) se verslag van 14 Maart en die US se reaksie daarop, spreek die senaat hul vertroue in De Villiers en sy bestuurspan uit in hul strewe na inklusiwiteit en veeltaligheid by die US en dat hulle hierin ondersteun word.

Quinot het gesê hy dien die mosie in, in ag genome die onlangse aankondiging in die media deur 'n US-raadslid oor die voorneme om 'n mosie van wantroue teen De Villiers by die raad in te dien op grond van die MRK-verslag oor bewerings van ongrondwetlike taalpraktyke by sekere koshuise van die US.



**Prof. Wim de Villiers**
Foto: GALLO IMAGES

Voorheen is berig die MRK het bevind die US het verskeie menseregte van Afrikaanssprekende studente geskend gegrond op bepaalde voorvalle in 2021 toe studenteleiers in vier koshuise en 'n private studenteorganisasie (PSO) opdrag gegee het om slegs Engels tydens die verwelkomingsprogram aan die begin van die jaar te gebruik.

Dr. Leon Schreiber, 'n US-raadslid, het vroeër vandeesmaand 'n mosie van wantroue teen De Villiers ingedien. Dit is op die agenda geplaas van die volgende raadsvergadering, wat geskeduleer is vir 17 April.

Volgens die Quinot-mosie is die US se akademiese leiers verbind tot veeltaligheid soos uiteengesit in die US-taalbeleid en aangedui deur die wydverspreide ondersteuning daarvan deur die universiteitsgemeenskap.

Quinot sê die "nie-nakoming van, of verkeerde uitvoering van, sodanige beleid deur sekere groepe en/of individue in spesifieke kontekste binne die instelling ondersteun nie 'n mosie van wantroue in die rektor nie".

Dit ondersteun eerder die voortgesette besinning deur die universiteitsgemeenskap oor hoe om ten beste 'n inklusiewe en veeltalige instelling te word waar almal se regte beskerm en bevorder word.

Verder gaan dit ook oor die ondersteuning van die US-bestuur, insluitend die rektor, om 'n inklusiewe en veeltalige gemeenskap te verwesenlik deur die doeltreffende en deurdagte uitvoering van relevante beleide in 'n groot, komplekse en diverse instelling, volgens Quinot se mosie.

Op sy beurt het Madiba gesê hy en die dekane "beskou die beoogde mosie van wantroue as 'n ernstige saak van kommer, nie net vir die rektor nie, maar vir ons almal, aangesien taalbeleid en beplanning van sake by die universiteit 'n kollektiewe en samewerkende poging is".

"As een van die voorste kenners van taalbeleid en beplanning kan ek met vertroue sê die beoogde mosie van wantroue teen die rektor het geen grondslag nie. Wat ons universiteit met betrekking tot veeltaligheid bereik het, word nie deur die meeste universiteite in die land geëwenaar nie," aldus Madiba.

Hy het bygevoeg dat die taalbeleid deur verskeie howe, insluitend die konstitusionele hof, ondersoek is en selfs die verslag van die MRK kon geen fout vind met betrekking tot die US se taalbeleid nie, behalwe een frase wat hy aanbeveel verander moet word.

"Hoewel dit waar mag wees dat ons taalbeleid nie korrek vertolk is nie deur studente by slegs twee uit 31 koshuise gedurende die oriënteringstydperk volgens die MRK-verslag, kan dié foute nie gesien word as verteenwoordigend van die stand van die uitvoering van die taalbeleid in die universiteit en die algehele prestasie van die rektor met betrekking tot die uitvoering van veeltaligheid in die universiteit nie," het Madiba gesê.

Hy het gesê daar is baie goeie suksesverhale om te vertel met betrekking tot die uitvoering van inklusiewe veeltaligheid by die US "wat die betrokke raadslid verkies om te ignoreer in die nastrewing van sy beoogde wantrouestemming".

Die US het in sy verklaring gesê De Villiers en die US-bestuur het hulle van die senaatsvergadering verskoon toe die mosie bespreek is.

## Tergende vrae nadat vrou (26) ontvoer is

**Kyran Blaauw**

Drie dae nadat die ontvoerde biokinetikus van Gqeberha by haar familie terug is, is die ondersoek na haar ontvoering nog in geheimhouding gehul.

Dit gons sedert Vrydag op sosiale media met onbeantwoorde vrae en aantygings, maar sowel die Valke, wat die ontvoering ondersoek, as Riana Pretorius (26) se familie swyg. Geeneen van hulle wou ook kommentaar lewer oor die moontlikheid dat iemand wat goed aan Pretorius bekend is by die ontvoering betrek word nie.

Kapt. Yolisa Mgolodela het bevestig Pretorius is Vrydagoggend in die vroeë oggendure met haar familie herenig nadat sy agt dae tevore ontvoer is.

Die Valke het bevestig haar ontvoerders het 'n losprys van R2 miljoen geëis.

Waar Pretorius in daardie agt dae was, of die familie wel 'n losprys betaal het en hoe sy bevry is, is steeds duister.

Intussen is verskeie skokkende boodskappe op Facebook gedeel waarin beweer word iemand na aan Pretorius is in hegtenis geneem weens die persoon se betrokkenheid by haar ontvoering.

Mgolodela wou egter nie hieroor uitwei nie.

"Enige ander inligting in



**Riana Pretorius**

verband met die saak is nog nie aan my voorgelê nie en dus kan ek nie kommentaar lewer nie."

'n Private speurder wat Pretorius se verdwyning op sy Facebook-blad gedokumenteer het, het die persoon op sy blad geïdentifiseer. Volgens hom strook dit met die onafhanklike ondersoek wat hy aangepak het.

Hy het sedertdien die inskrywing verwyder.

Ook Carel du Preez, Pretorius se kêrel, het gisteroggend by navraag geweier om kommentaar te lewer oor die ontvoering. Hy het deur die loop van die naweek sy eie Facebook-profiel gesluit.

Du Preez wou gister nie vrae beantwoord nie en het versoek dat "die gesin se reg op privaatheid gerespekteer word".

Pretorius se pa, Pieter, het alle navrae na die polisie verwys.



**Julius Malema**

## Tyd vir betaal? AfriForum 'soek Malema se duur horlosie' vir uitstaande skuld

AfriForum beoog om op bates van Julius Malema, EFF-leier, asook die EFF, beslag te lê vir uitstaande skuld van sowat R100 000 vir 'n kostebevel van 'n hofsaak wat sedert 2017 voortsleep.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, het Vrydag in 'n boodskap op Twitter gesê as Malema en die EFF nie die geld teen die einde van die dag aan AfriForum betaal nie, sal die balju opdrag gegee word om beslag te lê op eiendom van Malema en die EFF.

"Waarop sal AfriForum eerste beslag lê, Malema se Breitling-horlosie of sy Gucci-skoene?" het Kriel geskryf.

Kriel het verduidelik die hofsaak spruit uit 'n interdik wat AfriForum in 2017 teen Malema en die EFF bekom het toe hy mense aangehits het om grond onwettig te beset.

In dié aansoek het Malema se regspan nie opgedaag toe dit voor die hooggeregshof in Pretoria aangehoor is nie en daar is 'n kostebevel teen hom verkry.

Malema en die EFF het intussen hofaansoeke ingedien om die kostebevel tersyde te probeer stel.

**– Marelize Barnard**


Heerengracht 40, Kaapstad
107de jaargang
07323
9 771023 760011



VALUE BRAKE & CLUTCH
www.valuebrakeandclutch.co.za
021 949 8124/5/6





# Kunsmatige intelligensie dig nou ook in Afrikaans

**Hierdie eerste bundel KI-gedigte in Afrikaans bewys dat digters in dié stadium nie taalvaardige masjiene hoef te vrees nie, skryf Daniel Hugo.**

Poësie

**Silwerwit in die soontoe**
Imke van Heerden (samest.)
NALEDI, R260




"Afrikaans se eerste KI-gedigte," word opgewonde op die voorplat, agterplat en titelblad van hierdie bundel aangekondig.

In die prosaïese wêreld waarin ek grootgeword het, het KI gestaan vir "kunsmatige inseminasie". Hier word natuurlik bedoel: kunsmatige intelligensie. En dit is ongetwyfeld 'n interessante eksperiment.

In die inleiding tot die bundel verduidelik Imke van Heerden dat die gedigte gegenereer is deur 'n KI-program, AfriKI, wat sy en die Turkse rekenaarwetenskaplike Anil Bas spesiaal vir Afrikaans ontwikkel het. Om Afrikaans aan te leer is die rekenaar Etienne van Heerden se roman *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* as databasis gevoer.

Imke wys self op die beperkings van hul projek. Omdat AfriKi slegs een teks gelees het, is die program nie besonder vlot nie. Ander rekenaarprogramme (die sogenaamde groot taalmodelle) wat taal outomaties kan genereer, lees massiewe hoeveelhede teks.

Sy gaan voort: "Die jongste groot taalmodelle kan selfstandig 'n hele gedig produseer. Wanneer AfriKI, in teenstelling hiermee, 'n hele gedig probeer produseer, kom daar heelwat grammatikafoute voor, met min samehang tussen versreëls." Imke moes dus 'n digterlike handjie bysit.

Soms het die masjien 'n "blink moment" en verskyn daar "ongelooflike formulerings". 'n Voorbeeld daarvan is die bundeltitel: "Silwerwit in die soontoe". So klink Afrikaans se eerste KI-gedig dan:

*Geheimsinnige ideale*
*paadjie*
*digby die huis.*
*Silwerwit in die soontoe,*
*saggies soos 'n spokerigheid.*

Dit is beslis 'n geslaagde vers. Ongelukkig is daar min in die res van die bundel wat hiermee kan vergelyk. Selfs al beroep Imke haar daarop dat die masjienskeppings as surrealistiese gedigte gelees moet word, is die meeste verse te onsamehangend en sintakties verbrokkel om 'n literêr geskoolde leser te oortuig.

Die bundel is in tematiese afdelings verdeel. Daar is gedigte oor die see, liefde, stad, Afrika (grond en geweld), Karoo en ten slotte 'n "kunsteoretiese" afdeling oor KI-skeppings self. Hierdie laaste afdeling het my die meeste geboei. Die eerste strofe van "Wat KI versorg" lui soos volg:

*dansend op die masjien*
*dansend op die nuutskeppings*
*elektroniese rommel*
*van klein data en dink*
*waarvandaan ons vals blinksilwer*
*saamraap*

Die slotreël bevat 'n verrassende ironisering van die bundeltitel: die "silwerwit" word "vals blinksilwer". Hier is die handewerk van die digter baie duidelik sigbaar. 'n Masjien is sekerlik nie in staat tot selfkritiese kommentaar nie.

Dit was 'n besonder gelukkige, menslike ingreep.

Die gedig-onderwerpe wat uit die derduisende individuele rekenaargegenereerde frases gekristalliseer het, is natuurlik bepaal deur die temas in Etienne van Heerden se roman. Een daarvan is die toekomstige rol van kunsmatige intelligensie in ons lewe. Daarom duik daar soveel rekenaar-jargon in hierdie afdeling van die bundel op.

In "Kuns moed" staan byvoorbeeld die volgende reël: "Die lewe in hierdie nuwe hande waar ek algoritmies kuier." En dan vind daar weer 'n onverwagse omkering in die slotreël plaas: "Jy moet aldag rekenaars verbaas." Dit is 'n ingesteldheid wat my heelhartige goedkeuring wegdra.

Die meeste gedigte in die bundel is nie veel meer as 'n verwarrende warreling van woorde nie, daarom het die volgende klein vers, " 'n Gebaar, 'n afwesigheid", my aangenaam verras – veral toe ek ontdek dit bestaan uit 17 lettergrepe. Hier is dan die eerste rekenaargeskepte haikoe in Afrikaans:

*Kyk weg, belowe?*
*Sy kyk verras op, sy oë verlate*
*Waarom?*

> **As rekenaars dan gedigte wil skryf, laat hulle dit gerus vir mekaar doen volgens hul eie maatstawwe.**

Ook die bondige "Weerlig" het my beïndruk. Die woord "blinksilwer" skakel netjies met die bundeltitel:

*Blinksilwer ramp*
*Die lig skuiwe*
*'n oomblik*
*onbeskermde skittering in die*
*woord*
*brandreuk 'n einde van die geheue*

Die paradoksale naasmekaarstel van positiewe ("blinksilwer" en "skittering") en negatiewe ("ramp" en "brandreuk") woorde is onvervals poëties. Dit is 'n besonder suggestieryke, klankryke en veelduidige vers.

Die slotstrofe van "Kaapstad" maak vir my pragtig sin. Dit is die soort surrealisme wat ek kan waardeer:

*Tafelberg*
*maak 'n vraag waarbinne ons*
*'n duisend name*
*genoem word.*

Die tekste in hierdie bundel bewys dat digters (voorlopig?) nie taalvaardige masjiene hoef te vrees nie. Gelukkig stem Imke van Heerden saam:

"Ek glo nie dat KI ooit ware digters sal vervang nie. Moontlik lê die toekoms eerder in ko-kreatiwiteit, dit wil sê samewerking tussen mens en masjien." Die KI-sagteware kan kunstenaars – komponiste, beeldende kunstenaars, grafiese ontwerpers en skrywers – inspireer en aanvul.

Op die voorplat van die bundel is 'n KI-kunswerk afgedruk. Die opdrag aan die rekenaarprogram was: Maak 'n abstrakte skildery van 'n vrou en 'n masjien wat saam digkuns skep. Dit is mooi kleurvol en daar verskyn herkenbare vroue en elektroniese apparaat, maar sonder enige skriftekens. Daarvoor moet die leser tussen die buiteblaaie van die boek gaan kyk.

Met die gedagte dat kunsmatig gegenereerde tekste digters kan inspireer, is ons terug by die eerste betekenis van die afkorting KI: kunsmatige inseminasie. Daarteen het ek geen beswaar nie.

As rekenaars dan opsluit gedigte wil skryf, laat hulle dit gerus vir mekaar doen en volgens hul eie maatstawwe. Ons sal nie inmeng nie.

■ **Daniel Hugo** *is 'n bekroonde digter en vertaler van Prins Albert in die Sentraal-Karoo.*

## 'Sagie' subliem, hartroerend

Fiksie

**Sagie se storie**
Jan van Tonder
HUMAN & ROUSSEAU, R310




Sagie, oftewel Sagrys van Greunen, se verhaal word vir die eerste keer in 1987 ten boek gestel in *Is Sagie*. Hierdie resensent het die geboorte van Sagie destyds misgeloop. Tot my skaamte moet ek erken dat ek die opvolg, *Is weer Sagie* (2013), ook misgeloop het. Ek ag myself besonder gelukkig dat ek hierdie fout nou kon regstel met die lees van Jan van Tonder se *Sagie se storie*, waarin die eerste twee aflewerings, asook die slothoofstuk, in een band verskyn.

As die enigste kind leer Sagie om 'n boer te word onder sy pa, Barend van Greunen, se regverdige maar baie streng hand. Mieta September, hul huiswerker, staan op haar sonderlinge manier in vir sy oorlede ma, soveel as wat sy kan. Waar Sagie miskien tekortskiet aan slimwees, vergoed sy kinderlike onskuld, eerlikheid, hardwerkendheid en respek vir sy medemens in so 'n mate dat hy wyd en syd gerespekteer word as 'n jintelman in eie reg.

Met verdrag moet Sagie al hoe meer die leisels by sy pa oorneem om hul plaas, Greundal, aan die gang te hou. Tussendeur bly hy getrou hoop dat die meisie op wie hy sy hart verloor het na hom sal terugkeer. Ansie de Wet het indertyd op die buurplaas Kopland saam met haar ouers gewoon. Op 'n dag en uit die bloute moes Sagie verneem dat Ansie saam met haar ouers die Dwarsriviervallei sak en pak verlaat om hulle op 'n onbekende plek ver van die Karoo af te gaan vestig. Etlike jare later het baie water in die see ingeloop. Geboortes en sterftes, asook vriende wat met volle vaart met hul lewe aangaan. En Sagie bou intussen onverstoord aan die huis waarin hy en Ansie eendag moet bly. Dit doen hy tot sy pa se ergernis en Mieta se bekommernis.

As 'n Karoo-trits is *Sagie se storie* 'n waardevolle toevoeging tot die plaasroman-tradisie. Met woorde wat blink soos edelstene, kom die skoonheid van die landskap waarteen die verhaal afspeel en die suiwerheid van die karakters liefdevol aan die bod onder die virtuose hand van Jan van Tonder.

Wat die leser van meet af opval, is die skrywer se liefde vir die Karoo. Hy verstaan die mense wat daar woon en weet hoe hulle dink, hoop en klink wanneer hulle praat. Die leser hoor Mieta as sy haar oor Sagrys ontferm: "Die ding werk so, Sagrys, daar hoef maar net 'n klein stukkie waarheid te wees, soos dat jy en sy alleen op die berg was, dan hang mense liegstories daaraan soos jaste en hoedens oor 'n kapstok, en daai word op die daad evangelie" (bl. 257).

Dat hierdie drieluik so mooi as 'n enkele roman uitgegee word, strek Human & Rousseau tot eer. Subliem en hartroerend is Sagie se storie. 'n Stuk boeiende prosa deurdrenk van menslikheid.

■ **Francois Bekker** *is 'n vryskutresensent van Pretoria.*

## 'Stofvlei' 'n evokatiewe teks

Kinder- en jeugfiksie (14+)

**Reën vir Stofvlei**
Katherine Graham
HUMAN & ROUSSEAU, R220




Dis die 1940's; die Wêreldwye oorlog woed, in eiesoortige formaat, ook in Boesmanland, waar die stryd om oorlewing op 'n skaapplaas midde-in 'n uitmergelende droogte bomenslike inspanning en opoffering vereis.

Elsie, alias Gogga, is tien jaar oud, die ouderdom waarop 'n mens nog glo dat jy enigiets kan doen en dat jou wêreld, al bestaan dit uit stofvlaktes, 'n plaasskool en 'n huiswinkel, genoeg is. Grofsmid Oupa met sy netjiese driestukpak; handige Ouma, wat enige kwaal kan genees; Pappa met sy liefde vir die skape; en mooi, fyn Mamma, is haar beskutting teen alles. Maar wanneer sy Oupa sy gewone waardigheid sien verloor ten tyde van die verkoop van 'n geliefde perd en Pappa sien huil oor skape wat doodgaan, iets wat sy nog nooit voorheen gesien het nie, besef sy die omvang van hul geveg om oorlewing.

Elsie, as eerstepersoonverteller, skets haar wêreld aan die leser deur haar jeugdige oë: Daar is geen elektrisiteit nie; 'n koolstoof word vir kook en 'n buiteoond vir bak gebruik; water word gepomp en aangedra vanaf tenks en boorgate; 'n nuwe kleivloer word gelykgemaak deur 'n dans vir die gemeenskap te reël; tyd word gemeet aan die vloei van gebeurtenisse en seisoene eerder as datums; die driemaandelikse Nagmaal in die nabygeleë Loeriesfontein is 'n avontuur om na uit te sien; Kersfees saam met niggies en neefs is 'n hoogtepunt, daar word gebak en gebrou en 'n dennetak wat as Kersboom dien, word heelpad van Nieuwoudtville af aangery.

Maar deurentyd is daar die angstige kyk na die wolke; die versugting om reën; die tragedie van diere wat ly weens onder- en wanvoeding; die vrees vir boorgate wat opdroog en die oproep van die Landbanklening, en die eensaamheid van agterbly wanneer skape geskuif moet word na winterweiding: "Altyd, altyd dink sy maar aan Pappie. Dis of een deel van haar hier by ons op Stofvlei is, en die ander deel by hom op die ruwe vlaktes van Namakwaland." (bl. 128) En daar is ook Andries, Elsie se neef en haar geheime liefde. 'n Oorlog van enige aard los sy merk en haar ontnugtering word hartroerend verwoord: "Hierdie seun wat ek beter as die palm van my hand ken, is skielik 'n vreemdeling vir my." (bl. 188)

Die roman is sterk karaktergedrewe en die storielyn is soortgelyk aan dié van 'n memoire. Die skrywer se liefde vir en kennis van die streek is deurentyd 'n gegewe in die evokatiewe teks en sy verklap ook in die bedankings dat Elsie en haar jonger sussie, Riëtte, se karakters grootliks geskoei is op dié van haar tantes Elise en Rida. Dis bydraend tot die egtheid van die roman, wat aanklank sal vind by lesers wat nostalgiese woordreise na vervloë dae geniet.

■ **Anschen Conradie** *is 'n vryskutresensent van Makhanda in die Oos-Kaap.*

Boekevat

# Boek sny oop wat vir Noord-Kaap nog toe is

**Lynthia Julius**

Ek raak maar diep bekommerd as ek 'n boek oor die Noord-Kaap lees van iemand wat nie van die Noord-Kaap is nie.

Ek raak kriewelrig oor sulke boeke. Dit laat dink my aan iemand wat goed van jou praat en nie rêrig weet wat in jou lewe aangaan nie. So sit ek toe met *Borderline* van William Dicey. Nou is die boek nog in Engels ook geskryf.

Hy skryf oor die mense in die Noord-Kaap: "And the people. Everyone I met was a character." Daar kan nie 'n Noord-Kaap bestaan sonder sy komieklike mense en hulle snaakse sêgoed nie.

Jy lag vir hoe daar na koningin Victoria verwys is as "ou Mies Kwien Victorie" en jy dink aan die een oom in Namakwaland wat hulle gedoop het "Outa Willem dik aantrek" oor hy winterklere in die somer dra.

Dan kom jy op dié reël af wat iemand vir Dicey sê: "Die bruin mens is 'n mens vernietig." Die koddigheid val weg. Jy weet dis die realiteit van die Noord-Kaap. Dit is hoe vele mense wat nie bruin is nie die bruin mens in die Noord-Kaap sien. Die geskiedenis van die Noord-Kaap is oral in die boek, geskiedenis wat jy ken, maar ook nie eintlik nie.

Jy lees oor Scotty Smith, Suid-Afrika se Robin Hood. Die jong het so gesteel en geplunder en mense onder hulle goud en plase uitgekry dat een van die mense wat hy so verkul het se kleinseun 'n siener in Upington gaan sien het om met Scotty kontak te maak. Die siener het gesê: "Scotty Smith se gees is baie bedrywig. Hulle bou die hel en hy ry die bakstene van die hel in 'n kruiwa aan." Scotty kry eers weer verlof ('n uur en 30 minute) in 'n honderd jaar se tyd.

Die waterslang kom en jy moet *smile*, want jy ken goed die belangrikheid van die Noord-Kaapse waterslang en onthou hoe antie Lieta van Springbok jou mooi gevra het om nooit naby die water te gaan nie, want die waterslang soek mooi meisies met sannas (moesies) in hul gesigte.

Dít moet ek egter bieg: Ek was jaloers toe ek die boek gelees het. Jaloers op Dicey en sy vriende wat terwyl hulle roei op die rivier genooi word na mense se plase toe en in hulle se huise in.

Met dit saam het die hartseer weer van die Noord-Kaap na my toe gekom. Ek sou nie daai behandeling gekry het as ek met 'n groep bruin mense geroei het op die Oranjerivier nie. Dis die *borderline* tussen mense van die Noord-Kaap – ras.

In elk geval, gaan lees vir *Borderline*, Dicey trek die Noord-Kaap vir jou oop soos jy gordyne ooptrek om beter te kan sien hoe die mense buite in die pad baklei. Hy gee waarheid, 'n waarheid wat hy weet nie syne is nie. Ons vergewe hom vir die *white gaze*. Hy skryf die Noord-Kaap raak en die boek sny goed oop wat nou nog vir die meeste Noord-Kapenaars toe is.

■ **Lynthia Julius** *is 'n digter van Kimberley in die Noord-Kaap.*



Woedende Louis 'spoeg' op DA-LP en 'onthul' . . .

**'Ek het Cele omgekoop'** 3

## Moord op Marike de Klerk: 'Ons gaan nie parool teenstaan,' sê seun – 5



**Só skouer KSA Dean uit pos** 20


# Rapport

NETWERK24

19 Februarie 2023


**'CR se gesloer met kabinet verlam die staat' – 2**

# Bankrot weermag se R220 m.-makietie

## Soldate slaap in modderige tente terwyl generaals in weelde bly

**Erika Gibson** en **Dawie Boonzaaier**

'N Sukkelende weermag met net twee eerste-linie-vegvliegtuie, een diensbare fregat en 'n logistieke vleuel wat nie eens vir die diesel vir die leërorkes se bus kan betaal nie, hou dié week hul grootste en duurste magsvertoon-parade tot nog toe in Richardsbaai.

Terwyl miljoene bestee word om die land se mense te oortuig "dat hulle nooit hoef te vrees vir hul veiligheid nie", is die weermag se ondersteuningsdienste in so 'n chaotiese toestand dat lede van die leërorkes - wat swier aan die geleentheid moet verskaf - uit eie sak moes betaal vir die bus se diesel wat hulle van Kaapstad (waar hulle by die parlementsopening gespeel het) na Richardsbaai moes neem.

Die Richardsbaai-parade gaan Suid-Afrikaanse belastingbetalers uiteindelik R220 miljoen uit die sak jaag - dit terwyl die logistieke afdeling nie die R26 miljoen kan bymekaarskraap wat dit sal kos om die weermag se hoofraamrekenaarstelsel in Pretoria van oorverhitting te red nie. Die ineenstorting van dié stelsel sal beteken dat die weermag geen rekeninge en ander uitgawes kan betaal nie - ook nie soldy en salarisse nie.

Sowat 8 000 soldate en honderde gevegsvoertuie en ander toerusting het die afgelope twee weke in die noorde van KwaZulu-Natal aangekom vir die magsvertoon-parade.

" 'n Mens moenie verwag dat enigeen van hierdie voertuie wat (in Richardsbaai) op die lorries staan enigsins sal kan aanskakel as hulle daar afgelaai word nie, wat nog te sê van oorlog maak," het Kobus Marais, die DA se woordvoerder oor verdediging, gister gesê.





**Die weermag se grootste magsvertoon het met groot fanfare begin, maar soldate moes in die modder sukkel in flentertente wat in 'n vloedvlakte opgeslaan is terwyl hul generaals in vyfster-gastehuise in die dorp tuisgaan.** | FOTO'S: SANW

Vanjaar se weermagdagviering (wat elke jaar op 21 Februarie gehou word) kos 11 keer meer as die sowat R20 miljoen wat in 2016 uitgegee is.

In 2017 het dit gestyg tot R24,7 miljoen - tot groot ontsteltenis van die parlementêre komitee wat toesig hou oor verdedigingsuitgawes.

Vanjaar is duisende rande onder meer begroot om skoolkinders van omliggende gemeenskappe na die uMhlathuze-sportkompleks in Richardsbaai aan te ry om die land se ystervuis te bewonder.

Maar soldate wat die geleentheid bygewoon het, moes in die modder sukkel in flentertente wat in 'n vloedvlakte opgeslaan is terwyl hul generaals in vyfster-gastehuise in die dorp tuisgaan. Dit was eers nadat *Rapport* navraag gedoen het oor die troepe se ellendige omstandighede dat hulle na gemeenskapsale verskuif is.

Adv. Pikkie Greeff, sekretaris van die weermagvakbond Sandu, sê lede van die SA Leërorkes het ook by hom gekla dat hulle uit eie sak moes betaal om van hul tuisbasis in Polokwane na Kaapstad te ry om by die parlementsopening te speel. Daarna moes hulle weer self hul bus vol diesel maak om Richardsbaai toe te ry vir hul volgende vertoning.

Die lugmag kan ook geen noemenswaardige bydrae tot die geleentheid lewer nie.

Vlieëniers sit op hul hande omdat net twee van die lugmag se 26 Gripen-vegvliegtuie nog kan vlieg nadat die dienskontrakte met die Sweedse vervaardiger Saab drasties besnoei is weens 'n gebrek aan geld.

Net vier van die lugmag se 11 Rooivalk-aanvalshelikopters is diensbaar en drie hiervan is in die Demokratiese Republiek van die Kongo ontplooi.

Reddingsoperasies, eens die helikopter-eskaders se belangrikste binnelandse funksie, is haas onmoontlik omdat slegs sewe van 36 Oryx-helikopters diensbaar is. En logistieke steun bestaan amper nie omdat net een van die vyf Hercules C130-vragvliegtuie kan opstyg.

Verder kan net twee Suid-Afrikaanse skepe, die een 'n opmetingskip wat meer as 50 jaar oud is, deelneem aan die omstrede Oefening Mosi II, 'n gesamentlike vlootoefening met Rusland en China, wat Vrydag tussen Richardsbaai en Durban moes begin het, maar op die nipper uitgestel is weens gure weer.

Die ander Suid-Afrikaanse skip wat deelneem is die fregat SAS *Mendi*, die enigste van die vloot se vier Duits geboude fregatte wat seewaardig genoeg is om aan 'n oefening op die diepsee deel te neem.

**Parade kos belastingbetalers R220 m.**

Suid-Afrika se drie duikbote is almal ondiensbaar en die drie Lynx-helikopters kan ook nie meer vlieg nie.

Die vloot se aanvullingskip, die SAS *Drakensberg*, is wel in Richardsbaai, maar is blykbaar in so 'n swak toestand dat dit nie ver genoeg op die oopsee kan waag om aan die oefening met die Russe en Chinese deel te neem nie, sê Marais.

Daarteenoor stuur Rusland een van sy nuwe-generasie fregatte, die *Admiraal Gorsjkof*, wat in 2018 in diens geneem is. Die Chinese stuur ook drie van hul jongste en modernste vlootvaartuie: Die torpedojaer *Huainan* (wat in 2021 in gebruik geneem is), die fregrat *Rizhao* (2018) en die aanvullingsvaartuig, die *Kekexilihu* (2019).

Die hoof van die weermag, genl. Rudzani Maphwanya, het die afgelope week gesê die doel van die parade in Richardsbaai is om die land se inwoners gerus te laat slaap met die wete dat hulle nooit hoef te vrees vir hul veiligheid nie.

"Die weermag is daar en dis 'n weermag vir die mense van Suid-Afrika," het Maphwanya tydens die mediadag gesê.

Marais sê egter dis 'n "klassieke Russiese propaganda-oefening" waar 'n klomp krygstuig vertoon word waarvan net enkeles werk.

"Die groot probleem by die weermag bly die leierskorps en politieke wil om besteding reg te toe te wys."

■ Lees verder op bl. 2.



**Groentjie tot generaal in net 10 j. – 4**

**Covid-hospitaal kos R4,8 m. per pasiënt – 9**

**Kyk hoe lekker lieg die KI-bot, wys skrywer – 12**

**Twee van SA in berugte Afrika-tronk 'oor politiek' – 7**


R35,50

Bel 087 353 1300 om in te teken.

00823

9 771017 165006



VERDIEN 'N BETER RENTEKOERS

MET 'N FINBOND 60-MAANDE VASTE TERMYN BELEGGING VAN R1 MILJOEN OF MEER

0860 44 22 11

E-pos: deposito@finbond.co.za

SMS "Rapport" na 30635 en ons sal u skakel

*Netwerk afhanklik

'N BETER KOERS VAN

10.5%

kapitaal en rente GEWAARBORG

B&V's geld

BELASTINGVOORDEEL IS GEKOPPEL AAN OUDERDOM

FINBOND GROEP BEPERK

www.finbond.co.za

# Gedigte deur 'n masjien laat Afrikaans surrealisties dans



Imke van Heerden

Die eerste KI-gedigte in Afrikaans verskyn later vandeesmaand onder die titel 'Silwerwit in die soontoe', maar die menslike 'hoofdigter' daaragter, **Imke van Heerden**, glo nie kunsmatige intelligensie sal ooit ware digters vervang nie. Die toekoms lê eerder in ko-kreatiwiteit – samewerking tussen mens en masjien.

'n "Surrealistiese liefdesbrief aan Afrikaans", al die pad uit Istanboel, is hoe dr. Imke van Heerden, besoekende assistentprofessor aan die Koç-Universiteit in die Turkse hoofstad, die bundel *Silwerwit in die soontoe* beskryf.

"Dit is 'n eerste poging om die menigte moontlikhede van Afrikaans met behulp van kunsmatige intelligensie (KI) te ontdek en te vier - iets wat nog nooit vantevore aangepak is nie. Die bundel is moontlik van kulturele belang as die eerste KI-boek in Afrikaans, maar dié ko-kreatiewe teks is ook betekenisvol omdat menslike ingryping 'n belangrike rol speel. Dit is dus iets heeltemal anders as kletsbot-gedigte. Ek hoop die bundel beskik ook oor literêre waarde as 'n eksperiment wat taal verdraai en verfyn, en in wese literêre waardes op die proef stel."


Van Heerden is een van drie "skrywers" van vlees en bloed wat meegewerk het aan *Silwerwit* saam met AfriKI (Afrikaanse Kunsmatige Intelligensie), die generatiewe taalmodel wat sy en die Turkse rekenaarwetenskaplike Anil Bas, 'n masjienleerspesialis, in 2020 ontwikkel het as deel van 'n breër navorsingsprojek oor KI en letterkunde. Die derde skrywer is haar pa, Etienne van Heerden, wie se roman *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* (2019), onder meer oor kunsmatige intelligensie in Suid-Afrika en China, as datastel gebruik is.

**Verduidelik eers: Hoe het jy en die masjien "saam" die gedigte "geskryf"?**

Net soos 'n kind benodig KI voorbeelde om Afrikaans te leer skryf. AfriKI moes dus eers die datastel lees wat in hierdie geval uit slegs een teks bestaan het, naamlik *Die biblioteek aan die einde van die wêreld*.

Nadat AfriKI die romanskrywer se woordeskat en taalgebruikspatrone aangeleer het, is oor 'n tydperk van twee jaar derduisende oorspronklike individuele frases "geskryf" of gegenereer uit die woorde wat in die roman gebruik word.

Die menslike digter - ek - het dan die bladsye gefynkam, frases gekies en gedigte saamgestel. Omdat menslike logika en kreatiwiteit doelbewus toegepas word, word die proses "KI-geassisteerde skryf" of "ko-kreatiwiteit" genoem.




## 'n Trio KI-verse

**Silwerwit in die soontoe**
Geheimsinnige ideale
paadjie
digby die huis.
Silwerwit in die soontoe,
saggies soos 'n spokerigheid.

**skrywe van die wasem**
sy vingers draai om haar gevoel
die klein duiselig te verfyn
haar pragtige gemoed
op trane neersit
buitendien, fluister hy,
die ou lewe sterf
as jy verdwyning se tyd dra

**Op Seepunt**
Sonlig son die promenade
Die lug is 'n plek
om ook te sien
Brand my in die oggendlug

Woordorde is onveranderd gebruik, nes dit deur die taalmodel geproduseer is, en geen woorde is bygevoeg of verander nie, maar omdat dié individuele versreëls saam met ander masjiengeproduseerde versreëls gerangskik word, het dit surrealistiese gedigte tot gevolg. Ek het inspirasie geput uit die literêre bewegings die surrealisme en die imagisme.

**Daar is nogal 'n beroering oor die uitreiking van ChatGPT, 'n merkwaardige veeltalige kletsbot wat ook teks in Afrikaans kan genereer, en wat vir die eerste keer die publiek toegang gee tot taal-KI in Afrikaans. Hoe pas AfriKI hierby in?**

AfriKI en ChatGPT het niks met mekaar te doen nie. ChatGPT is nie die eerste generatiewe taalmodel wat selfstandig kan skryf nie en ook nie die eerste model wat Afrikaans kan genereer nie. Soortgelyke - weliswaar minder gesofistikeerde - sagteware het die weg gebaan. Hierdie navorsingsveld staan bekend as natuurliketaalgenerering. Vóór ChatGPT was daar al AfriKI, wat eerste was om KI-gedigte in Afrikaans te help skep.

Verlede jaar was veral betekenisvol vir taal-KI met die bekendstelling van PaLM deur Google, OPT deur Meta, BLOOM van die BigScience-inisiatief (gelei deur Hugging Face) en ChatGPT deur OpenAI. Dit is almal rekenaarprogramme wat taal outomaties kan genereer en bekend staan as groot taalmodelle.

**Hoe verskil AfriKI van dié groot taalmodelle?**

Die groot taalmodelle lees massiewe hoeveelhede teks, byvoorbeeld webblaaie, om 'n taal aan te leer. Omdat slegs een teks - *Die biblioteek aan die einde van die wêreld* - gelees is, is AfriKI nie besonder vlot nie. Die jongste groot taalmodelle kan selfstandig 'n hele gedig produseer. Wanneer AfriKI, in teenstelling hiermee, 'n hele gedig probeer produseer, kom daar heelwat grammatikafoute voor, met min samehang tussen die versreëls.

Tog bevat die gegenereerde versreëls, op blink momente, ongelooflike formulerings. Ek dink dit is juis die gebrek aan vlotheid wat 'n vervreemdende en intrigerende gevoel aan die teks verleen.

Intellektuele eiendom is bowendien 'n bekommernis binne die veld. Dit is deurslaggewend om toestemming van skrywers van datastelle te ontvang, en ook die nodige erkenning aan hulle te gee. Dit is immers die romansier se woordeskat en taalgebruikspatrone wat aangeleer word.

**Tog glo jy persoonlik nie KI sal ooit ware digters vervang nie. Hoe sien jy die "ko-kreatiwiteit", die samewerking tussen mens en masjien?**

Daar is reeds voorbeelde hiervan in onder meer die joernalistiek, musiekkomposisie en grafiese ontwerp. Is sagteware wat inspireer en aanvul, nie vir kunstenaars méér waardevol as dié wat sonder menslike betrokkenheid werk nie? Vanuit hierdie oogpunt funksioneer KI as 'n instrument of stuk gereedskap wat die mens ondersteun, 'n alternatiewe benadering wat menslike kreatiwiteit prioritiseer.

Ek het die verse in hierdie bundel doelbewus ko-kreatief geskep: 'n digter en 'n masjien hand aan hand. Frases KI-teks is sorgvuldig saamgeweef om gedigte te vorm, as deel van 'n eksperiment wat vra en verken: Hoe kan hierdie tegnologie skeppende skryfpraktyke aanmoedig en uitdaag?

Hierdie proses sou natuurlik verskeie vorme kon aanneem. My metode het die funksies van leser en outeur op 'n interessante wyse byeengebring. KI is gedagteprikkelend omdat dit ons nooi om nuwe lig op skrywerskap, leserskap, interpretasie, oorspronklikheid en ander fundamentele begrippe te werp. Kan 'n masjien regtig intelligent of kreatief wees? Maar hoe definieer ons intelligensie en kreatiwiteit? En kan KI selfs 'n bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaans lewer?

**Poësie het reeds so 'n skokkende klein lesersmark – dink jy daar sal op lang termyn 'n groot genoeg mark vir hierdie soort robotgedigte wees?**

Dit is moeilik om met sekerheid te sê, maar waarskynlik nie op lang termyn nie. Op kort termyn sien 'n mens tans op die sosiale media gedigte wat deur ChatGPT geproduseer is, maar ek glo nie daar sal op lang termyn 'n mark vir daardie soort poësie wees nie. Met *Silwerwit* het ek self ingegryp en frases KI-teks sorgvuldig saamgeweef om verse te vorm. Dit is dalk 'n heenwys vir alternatiewe moontlikhede vorentoe. KI-gedigte opper immers vrae oor die wese van poësie, die aard van taal, hoedat betekenis geskep word, wat poësie is, ensomeer.

Ek hoop die verse sal tot gevestigde poësieliefhebbers spreek, maar ook die verbeelding aangryp van diegene wat nie gereeld gedigte lees nie. Poësie is 'n taallaboratorium, en *Silwerwit* dryf die eksperiment verder met die hulp van 'n masjien. Die surrealiste het geglo die onbewuste is 'n bron van inspirasie. Hier is die onbewuste AfriKI. Ek vind die vreemde frases wat AfriKI genereer geweldig boeiend en pragtig.

**Hoe sou jy 'n bundel soos *Silwerwit* benader as jy die resensent was en nie die medeskepper nie?**

As akademikus worstel ek steeds met hierdie kernvraagstuk, oor die evaluering van KI-teks. Kan dit waarde inhou? En kan dit lesers betrek en gevoelens wek? Ek dink so. Maar dit hang ongetwyfeld af van die spesifieke teks en konteks. Nes mensgeskrewe werk, wissel die kwaliteit van KI-tekste dramaties en kan dit nie onder een vaandel geplaas word nie. Frases KI-teks is sorgvuldig deur die outeur saamgeweef om verse te vorm, as deel van 'n eksperiment wat vra en verken: Hoe kan hierdie tegnologie die digkuns aanvul en uitdaag? In poësie oor KI, die kontinent, Kaapstad en die Karoo blink branders, brand lug en dans die masjien aan die buitewyke van taal.

■ ***Silwerwit in die soontoe* word uitgegee deur Naledi en kos R260 by boekwinkels landwyd of op naledi.co.za.**

---

haar naam grootliks gekoppel word. Die tweede helfte van die uitgesoekte bibliografie betrek kritiese werk oor Müller se oeuvre.

Dit sluit resensies en besprekings in, maar lys ook verhandelinge, proefskrifte en navorsingsartikels, artikels oor haar skrywerskap, onderhoude en profiele en huldeblyke. Die uitgesoekte bibliografie is deeglik en omvattend en as enige iemand nog gewonder het oor die statuur en aansien wat Müller het en wat haar toekom, behoort hierdie indrukwekkende bibliografie hulle te oortuig.

Kenners en aanhangers van Müller se werk se tone sal krul by die lees van *Die skerpgevylde oomblik* en gaan aspekte van haar lewe en werk raaklees waarvan hulle nie voorheen geweet het nie.

Vir liefhebbers van Afrikaanse letterkunde wat nie vertroud is met Müller se werk nie (dit is ongelukkig uit druk), is *Die skerpgevylde oomblik* verpligte leesstof: daar is 'n avontuur op hande.

En dalk en net miskien, sal die hernude belangstelling in die werk van een van ons grotes, tot herdrukke van haar werk lei.

■ **Prof. Marné Pienaar is verbonde aan die departement tale, kultuurstudie en toegepaste linguistiek van die Universiteit van Johannesburg.**